Laerskool Queenswood

Omsendbrief 12

20 April 2011

Geagte Ouers en Voogde

PAASBOODSKAP:

"Weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam." (1 Kor. 6:19,20) Hier vind ons die antwoord op die vraag: "Wat verwag die Gees van my?" U liggaam is sy tempel en die tempel van God is 'n heilige plek wat aan sy diens gewy is. U behoort dus nie meer aan uself nie en u het nie die reg om uself te behaag nie. U is duur gekoop met die kosbare bloed van Christus. Daarom het die Gees die absolute reg op u hele lewe. Liewe Christen, daarom moet u God in u liggaam en u gees verheerlik, want dit behoort aan God. Die Heilige Gees is die Gees van God se heiligheid en Hy kom om u heilig te maak. Daarom verwag Hy ook dat u Hom in elke opsig sal gehoorsaam. Laat ons 'n oomblik stilstaan by hierdie woorde sodat ons duidelik kan begryp wat die verhouding tussen ons en die Heilige Gees moet wees. Wat kan Hy met reg van u verwag? Hy vra dat u, as iemand wat duur gekoop is met die bloed van Christus en nie meer aan uself behoort nie, sal strewe om Hom in alles te behaag en Hom te volg waar Hy ook al lei. Alles wat u aan God en die Here Jesus verskuldig is, moet sigbaar word in u optrede teenoor die Heilige Gees. U moet in alles deur Hom gelei word, want Hy is God en Hy het reg op u lewe. Hy verwag dat u uself elke oggend beskikbaar sal stel en sal sê: "Spreek, Here, u dienskneg luister. Ek gee myself oor om U stem en U leiding in alles te gehoorsaam." Hy verwag van u absolute, onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Verder verwag Hy van u om elke dag in noue kontak met Hom te bly. U hele lewe moet aan Hom oorgegee wees sodat Hy sy vrug in u lewe tot heerlike rypheid kan bring. Ook verwag Hy dat u in en deur sy krag sal getuig vir Jesus en dat u dit as u taak sal sien om mense na Christus te lei. Die Gees verwag dat u liggaam, wat duur gekoop is, 'n tempel vir God sal wees en dat aanbidding en lofprysing steeds aan God die Vader en die Seun Jesus Christus gewy sal word.

PASSIESPELE:

Dit is vanaand die laaste aand wat die Passiespele by Louis Botha Kinderhuis aangebied word. Dit is werklik iets om nie mis te loop nie

VERJAARSDAE - PERSONEEL:

Baie geluk aan mev. Nagel wat op 25 April 2011 verjaar. Ons wens haar 'n baie voorspoedige en gelukkige lewensjaar toe.

BOBBY VAN JAARSVELD:

Die nuwe datum vir Bobby van Jaarsveld se optrede is 19 Augustus 2011. Stuur asseblief u kaartjielyste terug skool toe. Vertel gerus vir u vriende van "Bobby van Jaarsveld Vervolg".



CONQUESTA:

Sien meegaande skrywe vir graad een tot drie leerders.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE:

Geen buitemuurse aktiwiteite sal Donderdagmiddag, 21 April 2011, plaasvind nie.

NETBALWEDSTRYDE:

12 Mei: Eduplex en Prestige College: Tuis

17 Mei: Eben Swemmer: Weg

<u>Netballiga</u> - *<u>Moontlike datums:</u>*

6 of 26 Mei: Rietfontein-Noord: Datum en bane waar gespeel word sal nog deurgegee word.

Vriendelike groete

R. LUDICK

PRINSIPAAL

Punte van belang:

Paasboodskap

Passiespele

Verjaarsdae - Personeel

Nuwe leerders

Verjaarsdae - Personeel

Bobby van Jaarsveld

Conquesta

Buitemuurse Aktiwiteite

Netbalwedstryde